

Bekering, Doop en die Gawe van die Heilige Gees

Uittreksel van Pastoor Nesor se preek: B114b

Skriflesing uit Hand.2:14-47

Kernvers: 37- 'Toe hulle dit hoor, is hulle in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: wat moet ons doen broeders?

Dit is vir my wonderlik om te sien hoedat elke boodskapper van die Here hom bepaal het by die Gods-openbaring sonder om daarvan af te wyk.

Uit hierdie gelese gedeelte kan ons sien hoedat Petrus dit met soveel oortuiging bevestig het deur hierdie toespraak van hom.

Die skare was in hul siel geprik en het gevra: Wat moet ons doen broeders? En Petrus het gesê: bekeer julle en laat julle doop en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.

Daardie klompie mense was diegene wat die felste aanslag van die vyand sou ervaar want op hulle het gerus die verantwoordelikheid om die ganze Raadsplan van God uit te dra aan die wêreld. As die duiwel daarin kon slaag om hierdie groepie mense te vernietig dan kon hy die Godsplan wat hulle gedra het tot niet maak.

Die magte van die hel het op hierdie mense neergedaal – hulle is vervolgd en gemartel maar die Here het hulle die krag gegee om dit te deurstaan.

As die Here ons in hierdie dae net weer op die plek sal bring waar ons geprik sal wees in ons harte want die vyand is gedug. As hy ons nie kan uitwis nie sal hy ons aan die slaap sus.

Die doop is die versimbolisering van: om saam met Jesus gekruisig te word tot vergewing van sondes. Hier aan die begin van die geweldige stryd wat vir hierdie mense gewag het moes hulle voorbereid wees.

Hulle het hulle bekeer en laat doop en hulle is gevul met die Heilige Gees – met krag uit die hoogte!